

Sing vooraf: Skrifberyming 8-1:2 (14:2)

- 2 “k gee my Heil'ge Gees aan julle, / wat die krag verleen en trou
om te wandel in my weë / en my wet te onderhou.
En jul sal die land van seën / deur my seën weer verkry
waar 'k 'n God sal wees vir julle, / jul 'n volk sal wees vir My.”

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 32:4 (p. 152)

- 4 U is dit, HEER, wat tot my hulp gereed is, / 'n skut en skerm in alle angs en leed is,
in nood my red, met jubels my omring, / en in my gees weer vreugde laat ontspring.
Maar nee, o God, u goedheid reik nog verder! / U sê: Ek wil jou oppas soos 'n herder,
en wil jou voet op veil'ge pad laat gaan, / waarop my oog jou altyd gadeslaan.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet sing ons Ps. 119:9 (p. 587).

Wet

Psalm 119:9 (p. 587)

- 9 Ag, hoe kleef ek aan die stof al! / Maak my lewend na u woord –
U tog wie 'k my sorg vertel het, / laat u kneg nie onverhoord.
Lei my altoos voort en verder / om u wonders te oordink,
my wat droewig en verslae / haas in kommernis versink.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Doop: Louis en Engela du Plessis laat doop hulle dogtertjie Aletta.

Psalm 105:5 (p. 515)

- 5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.

Psalm 104:1, 20 (p. 510)

- 1 Waak op, my siel, en loof die HEER! / My God, U is uitnemend seer
verhewe in u majesteit, / U is bekleed met heerlikheid:
- 20 Ek wil terwyl ek lig geniet, / Gods grootheid sing in psalm en lied.
En die oorpeinsing van my gees – / mag dit Hom welgevallig wees!

Skriflesing: Johannes 6

Teks: Johannes 6: 63

Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe.

(Johannes 6:63 AFR1953)

Die neiging vandag in ons kerke is om te kyk wat alles gedoen kan word om mense in die kerk in te trek.

- Daar word baie aandag gegee en baie gepraat oor wat vir mense belangrik is.
- Daar is byvoorbeeld gemeentes wat al die aanddienste afgestel het of wil afstel omdat daar sogenaamd geen belangstelling is nie.
- Daar is predikante wat sekere dienste nie meer preek nie, maar so 'n soort van 'n gesprek met die gemeente aan die gang sit, en dan allerhande vreemdsoortige liedere laat sing om die diens *op te vrolik sodat dit die mense moet trek*.

Hierdie saak is so ernstig dat dit selfs die sakramente raak.

- Daar is kerke wat die Nagmaal anders aangebied wil hê omdat dit ongerieflik is om lang eredienste te hou.
- Die dominee hou nie van lang dienste nie en die meeste van die lidmate hou ook nie daarvan nie.
- Nou begin hierdie stroming in ons kerke om dinge te verander totdat dit vir hulle lekker en aanvaarbaar is.

Is dit reg? Kom ons gaan kyk na die manier waarop die Here Jesus Christus sy kerk gevestig het. Wat was sy styl? Was dit vir Hom belangrik om mense te trek en om vol kerke te hê? Ons gee aandag aan die volgende:

1. Suiwer prediking en verminderende lidmate

2. Die Gees en geloofsgroei

3. Die Gees en gehoorsaamheid

1. Suiwer prediking en verminderende lidmate

Op die manier wat die Here Jesus gepreek het, het Hy baie mense van Hom af weggedryf.

- Hy het nie dinge gedoen wat mense na sy prediking toe getrek het – soos wat vandag die rigting is nie.
- Hy het met sy reguit prediking in die mense se siele in aanstoot gegee, sodat mense wat dit nie kon hanteer nie, moes padgee – soos wat hulle ook gedoen het.

Kyk wat het alles rondom die gedeelte wat ons gelees het, gebeur.

- Die Here het vyf garsbrode en twee vissies vermeerder en daarmee vir vyfduisend mense kos gegee.
- Ons sou vandag sê dat dit 'n sensasionele gebeurtenis was en dat so iets mense sou lok om weer na Jesus se dienste toe te kom.

Maar wat doen Jesus? Hy en sy dissipels gaan die aand af meer toe en vaar alleen weg en los die skare net so.

- Die volgende dag begin die skare Jesus soek.

- Hulle kry later die boot waarmee Jesus en die dissipels weggevaar het, maar hulle kom toe agter dat Jesus nie by die dissipels is nie.
- Toe gaan seek hulle Hom in Kapernaum.

Hulle was danig vriendelik toe hulle by die Here kom. Hulle vra: “Rabbi, wanneer het U hier gekom?” (v. 25).

- Maar dieselfde vriendelikheid het nie van Jesus af teruggevloei na hulle toe nie.
- Hy het sommer reguit vir hulle gesê dat hulle nie daar is omdat hulle in Hom glo nie.
- Hulle is daar omdat hulle wil hê dat Hy hulle weer moet kos gee (v. 26).

Die punt waaroor dit gaan, is dat Jesus hulle beskuldig dat hulle nie in Hom glo nie!

- Reguit en in hulle gesig hoor hulle die waarheid.
- Die Here seek nie mense wat groot vertonings wil sien, of dinge wil geniet in die kerk nie.
- Hy seek mense wat in Hom glo en Hom wil aanbid.
- Prakties beteken dit net dat van die vyfduisend mense wat gevoed geraak het, die meeste weggegaan het van die Here af.

Daar is die baie belangrike opmerking in vers 59 dat die Here in die stadium toe die stukkie wat ons gelees het, gebeur het, in die sinagoge in Kapernaum was.

- Die sinagoges was maar kleinerige geboue wat nie regtig baie mense onderdak kon gee nie.
- Die logiese afleiding is dat daar toe nog net ’n klein klompie van die oorspronklike groep van vyfduisend mense oor was.

Na hierdie skerp preek in die sinagoge het daar nog ’n klomp mense van die Here af weggedraai – nogal ’n klomp wat hulleself tot in daardie stadium as dissipels voorgedoen het (v. 66).

- Hulle het nooit weer na Jesus toe teruggekom nie.
- Dit wys ook net dat getalle en groot bywoningsyfers nie vir die Here belangrik is nie.

2. Die Gees en geloofsgroei

In ons tyd beleef die kerk ’n insinking. Almal vra waar die fout lê. Die Sinode se deputate het selfs al briewe na elke kerkraad toe gestuur om navraag te doen waarom lidmatetalle so daal.

As ons tydsgees meet aan die dinge waarvan die Bybel hier skryf, dan lê die fout van die kerk in middelmatigheid.

- Ons wil nie sterk standpunt inneem oor enige iets nie, want ons wil nie mense seermaak nie.
- Daarmee laat val ons ook ons geloofstandpunte uit ons hande uit.
- Ons word geestelike draadsitters – baie van ons predikante en ouderlinge ook.
- As iemand met sektariese standpunte opdaag, dan is daar by baie nie die krag om die soort dwaalleer uit die Bybel te beveg nie.

Daarom is daar by so baie mense ’n Geesteloosheid en ’n werkloosheid wat hulle heeltemal onmagtig en onbekwaam maak om in die koninkryk van God te werk.

- Die rede is die heidendom wat soveel kere met die klere van Christenskap aan reg voor jou kom staan.

Ons hoor dikwels die standpunt dat Christene liewer moet saamstaan teen die heidendom eerder as om oor geloofsverskille ’n saak te wil uitmaak.

- As jy ’n ware gelowige is kan jy nie ’n pruike dra nie.

- o Jy kan nie jousef en die ware kerk van die Here wegsteek of verskuil nie.
- o Jy moet staan vir dit wat reguit die waarheid is.

Natuurlik kan ons net die waarheid lewe en preek as ons vervul is met die Heilige Gees. Waar en hoe kry ons die Heilige Gees?

- Dit staan in ons teksvers baie duidelik: Deur te preek, gee die Here Jesus die Gees.
- Daar is 'n baie duidelike verband tussen die suiwer prediking van God se Woord en die gee van die Heilige Gees.

In ons tyd is daar baie soorte kerke wat preek dat die Heilige Gees uitgestort moet word op iemand om tot bekering te kom.

- Die uitstorting van die Gees gaan dan baie kere gepaard met allerhande opswepery en uiterlike vertoon.

Die soort van standpunte klop egter nie met dit wat die Bybel leer nie.

- In die gedeelte wat ons gelees het, staan baie duidelik dat die Here Jesus die woorde van God spreek en dat Hy daardeur die Gees uitdeel.
- Die Heilige Gees word dus uitgestort waar die Here Jesus dit gee, en nie waar mense dit sogenaamd bewerk nie.

Die antwoord op die kerk van ons tyd se siektetoestand lê hier.

- Die Here rus die gemeente deur sy Woord toe om die Gees te ontvang.
- Daar het ons dit:

Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe. (Johannes 6:63 AFR1953)

Dit is dus die Gees wat elke gelowige – en terselfdertyd ook elke gemeente – wat luister na die Woord lewend maak. 'n Rukkie later bely Petrus dan ook:

En Simon Petrus antwoord Hom: Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe. (Johannes 6:68 AFR1953)

Die woorde van die Here Jesus en van Petrus beteken effektief dat in enige doenigheid in die geloof waar die Woord van God nie die eerste en die belangrikste woord spreek nie, die Gees wyk.

- Baie prakties gestel beteken dit net dat hierdie soeke na menslike tevredenheid en uiterlike vertoon 'n Geesteloosheid kweek omdat die Heilige Gees Hom dan terugtrek.
- Die Heilige Gees werk net waar die kerk suiwer met God se Woord werk.
 - o Dit geld letterlik alles – die prediking, die bediening van die sakramente en die aanbidding van katkisasieonderrig.
 - o Dit gaan in al hierdie dinge oor die somtotaal daarvan, met ander woorde oor die inhoud en die vorm.

Waarom werk dit so?

- Omdat hierdie paar woorde in die Bybel dit baie duidelik stel dat die Here Jesus in die Woord die Heilige Gees gee.
- Die gees wat in die jongste jare deur die kerk begin waai, is dat mense se kers hoog moet brand. Hulle wil die kerk na hulle eie smaak vernuut en verander en geniet.

Ons het 'n voorbeeld in die Bybel waar dit heeltemal anders werk: Johannes die Doper.

- Al hoe langer Jesus gepreek het, al hoe meer aanhang het Hy gekry.
- Dit het vir Johannes die Doper se dissipels groot probleme geskep – hulle kon dit nie verdra dat die mense van Johannes af na Jesus toe oorloop nie.

Toe pyl hulle op Johannes af met die probleem. En wat antwoord hy hulle?

- Ek is nie die Bruidegom nie. Ek is net die vriend van die Bruidegom.
- Johannes sê hy is net die wegwysers en die voorloper – sy kers moet kleiner brand en die Here se kers groter brand.
- Net so is elkeen van ons gesante wat diep moet buig voor die woorde van God.
- Eers wanneer ons dit werklik kan regkry, groei die werk van die Heilige Gees in ons.

Dit gaan dus in ware aanbidding oor die saak van lewe.

- Vleeslike of suiwer menslike dinge bied nie die lewe nie.
- Die lewe word net deur die Gees van God bewerk.

Ons moet nooit aan die illusie ly dat mense wat kerk toe gaan, almal mense is wat die Here aanbid nie.

- Kyk wat het hier gebeur: Van 'n groep van vyfduisend mense wat almal deur die Here gevoed is, het daar min genoeg oorgebly dat hulle in 'n sinagoge kon ingaan.
- Van hulle het daar na hierdie preek van die Here Jesus ook nog weer 'n baie groot groep weggegaan.
- Later het net die twaalf dissipels oorgebly en toe vra die Here vir hulle of hulle nie ook maar wil loop nie.
 - o Toe sê Petrus dat hulle nêrens het om heen te gaan nie omdat Jesus die woorde van die ewige lewe het.
- Dan sê die Here Jesus vir hulle dat van hulle ook nog een 'n duiwel is.

Kyk hoe geweldig is die verantwoordelikheid op elkeen van ons om in ons geloofslewe en in ons kerklike lewe by die absolute waarheid te bly, al is dit nie in die smaak van die meeste mense nie.

- Ons moet hierdie verantwoordelikheid veral ook sien teen die agtergrond van Jesus se uitsprake in hierdie gedeelte.
- Luister weer na die volgende twee uitsprake:

Maar daar is sommige van julle wat nie glo nie. Want Jesus het van die begin af gewet wie hulle was wat nie glo nie, en wie hy was wat Hom sou verrai. En Hy sê: Om hierdie rede het Ek vir julle gesê dat niemand na My toe kan kom as dit Hom nie deur my Vader gegee is nie. (Johannes 6:64-65 AFR1953)

. . . daar is sommiges van julle wat nie glo nie. Want Jesus het gewet wie hulle was wat nie glo nie . . . (v. 64)

. . . Om hierdie rede het Ek vir julle gesê dat niemand na My toe kan kom as dit Hom nie deur my Vader gegee is nie (v. 65).

3. Die Gees en gehoorsaamheid

- Daar is saamlopers in die kerk.
- Daar is ook ontevredenes in die kerk.
- Daar is ook mense wat uitsien na die uiterlike dinge en wat hulleself daarin baie bly maak.

Hulle was almal weglopers wat die Here alleen agtergelaat het met sy twaalf dissipels.

Die kerk is nie 'n gebou of net 'n gemeente nie. Die kerk is al die mense wat deur die Here uitverkies is van die skepping af tot by die heel laaste een wat gebore gaan word voordat die Here Jesus op die wolke kom.

- Hierdie mense dra almal iets baie besonders in hulle wat nie by een van die ander wat verlore gaan, voorkom nie.
- Hierdie mense is almal deur Jesus Christus met God versoen, en hulle word deur sy Gees verander sodat hulle die vermoë het om vir God te kan luister.
- Hulle luister nie maar net om te hoor nie.
 - o Hulle onderwerp hulle totaal aan die Here en doen in hulle lewens alles wat Hy vra.
 - o Hulle doen nie die buitkantste dinge van die geloof nie.

Hulle wil nie die eredienste kaap en dit in 'n teater omskep waar dinge gebeur wat mense trek nie.

- Hulle wil dit 'n stil binnekamer maak waar mense deur die Gees diep en ernstig met God omgaan.
- Hulle wil dit 'n gebedsoomblik maak. Hulle wil dit 'n oomblik van ryk gemeenskap met die Here maak.

Onthou u nog wat alles gebeur het toe die Here aan Elia verskyn het?

- Die Here was nie in die geweldige uiterlike vertoon van die verskriklike wind nie.
- Die Here was ook nie in die ontsettende vuur nie.
- Die Here was in die stilte.

Waar lê die antwoord vir ons? By Petrus se woorde:

En ons het geglo en erken dat U die Christus is, die Seun van die lewende God. (Johannes 6:69 AFR1953)

- Ons moet heeltemal uit God se Woord uit lewe en uit die volheid van Jesus se versoening.
- Ons moet in ons eredienste en sakramentsbediening lewe uit die suiwerheid van God se Woord.
- Dan gee Hy sy Gees om ons ook geestelik te laat groei. Dan word ons so sterk dat ons ons Here Jesus Christus se opdragte kan uitvoer en daarin groei:
- **Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe.** (Johannes 6:63 AFR1953)

Amen.

Slotgebed

Psalm 146:1, 2 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.
- 2 Moet op prinse nie vertrou nie, / by wie niemand heil kan vind –
op die mens jou hoop nie bou nie; / want as God hul gees ontbind,
keer hul na die aarde weer / en hul raadslag stort terneer.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

**Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 22 Februarie 2009**